



Unlock Potential

Ontsluit Potensiaal

Mission

To enable learners with special educational needs in the five Institute-associated schools to reach their full potential by contributing physical resources and support within a Christian ethos.

Vision

A needs-driven Christian inspired and compassionate support for learners with special educational needs.

Values

Compassionate support | Empathy and love
Needs-driven projects



TRANSORANJE INSTITUTE FOR SPECIAL EDUCATION

174 Duxbury Road, Hillcrest,
Pretoria 0083

Tel: 076 143 6961
Email: info@toibo.org.za
Website: www.toibo.org.za

NPO: 001-597
PBO: 130001311



HOËRSKOOI MARTIE DU PLESSIS VIR FISIESE, SEREBRAAL- EN LEERGESTREMDHEDE

Du Plooyingel 91, Fichardtspark,
Bloemfontein
Posbus 31895, Fichardtspark 9317

Tel: 051 522 6801
E-pos: mdupschool@mdup.co.za
Webwerf: www.mdup.co.za



PRINSHOF SCHOOL FOR THE VISUALLY IMPAIRED

19 Prinshof Street, Pretoria Central
PO Box 2817, Pretoria 0001

Tel: 012 328 4170
Email: admin@prinshof.co.za
Website: www.prinshof.co.za



SONITUSSKOOI VIR GEHOORGESTREMDES EN LEERGESTREMDHEDE

Jan Coetzeestraat 180,
Jan Niemandpark, Pretoria
Posbus 15408, Lynn East 0039

Tel: 012 800 1161
E-pos: admin2@sonitus.co.za
Webwerf: www.sonitus.co.za



TRANSORANJE SCHOOL FOR THE DEAF

855 WF Nkomo Street, Pretoria West
PO Box 19036, Pretoria West 0117

Tel: 012 386 6072
Email: transoranjereception@outlook.com
Website: www.transoranjeschool.co.za



TRANSVALIA SCHOOL FOR EPILEPSY AND LEARNING DISABILITIES

200 Jan Coetzee Street,
Derdepoort Park, Pretoria
PO Box 15940, Lynn East 0039

Tel: 012 880 1420
Email: reception@valies.co.za
Website: www.valies.co.za

Inhoudsopgawe

Contents

2 Vision, mission & values
Kontakbesonderhede

4 Uit die voorsitter
se pen

5 From my desk

6 Nuus uit die
Kantoor

8 Uitblinkers

10 Management
Governance

11 TOIBO-wisseltrofee

12 Matriekuitslae

13 Stories van Hoop

14 Donasies

16 Stories van
Hoop

**“The stories we tell
literally make the world.
If you want to change the world,
you need to change your story”**

Michael Margolis

19 Projects

21 Statistics

22 Ways to become involved

23 Transvalia-Skool

27 Sonitusskool

30 Afskeidsgroet:
Francois van Heerden

31 Martie du Plessis

35 Transoranje School

39 Prinshofskool

44 Special campaigns

45 Blessings & Thank yous

46 Financial statements

47 Schools' information



Uit die Voorsitter se pen

Die wyse Prediker van die Bybel het by geleentheid opgemerk:
*Wat was, sal weer wees; wat gebeur het, sal weer gebeur.
Daar is niks nuuts in hierdie wêreld nie (Pred 1:9).*

'n Mens wil soms ook iets van hierdie waarheid in 'n jaarverslag se voorsittersboodskap inlees – 'n opsomming van wat was en 'n blik op wat nog moet kom. Alles in ag genome, is daar werklik iets nuuts?

Tog is 'n jaarverslag veel meer as 'n weergawe van enkele hoogte- en laagtepunte van 'n gegewe jaar. Ten diepste is 'n jaarverslag 'n getuienis van ons Here se werk – in hierdie geval hoe Hy in en deur TOIBO en ons vyf Instituut-skole gewerk het. TOIBO was en is immers geanker in ons leuse en belydenis: In geloof veranker. Dit is wie TOIBO is en wie TOIBO altyd wil bly.

Die voorsitter se taak is die makliker deel van diens – jy tree op as koördineerder. Die mense wat al die kosbare werk op grondvlak verrig het, is ons uitvoerende beampte, mev Alta Koekemoer, saam met die res van die Dagbestuur, en dan in die besonder ook die skoolhoofde en personeel van die skole self.

Tog kon en kan TOIBO en die vyf Instituut-skole nie onafhanklik op hul eie funksioneer nie. Ons Here voorsien al 79 jaar lank getrou. Hy voorsien deur kerke, besighede, trusts, welwillendheidsorganisasies, individue en op so baie ander besondere maniere. Hier by TOIBO word skenkings nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons hartlike dank aan elkeen wat bygedra het gedurende die afgelope jaar en in vorige jare.

2025 het sy eie unieke uitdagings gehad. Die druk op veral ons LSOB-skole is enorm. Onderwys word net duurder en duurder. Die getal ouers wat nie in staat is om skoolgelde te betaal nie, neem geweldig toe. Ongelukkig leef ons ook met die werklikheid dat skole nie meer genoegsame befondsing en ondersteuning van die Departement van Onderwys kry nie, terwyl die druk om te presteer ook elke jaar toeneem. 'n Hartseer werklikheid is die toenemende getal behoeftige leerders wat by ons skole voeding ontvang – dikwels hul enigste kos vir die dag! Hulpverlening aan skole om hierdie leerders te kan voed, is 'n besondere deel van TOIBO se roeping.

Daar was egter ook 'n ander werklikheid, naamlik dié van groot genade en prestasies ten spyte van baie uitdagings. By Transvalia-Skool is, met ingang van 2026, 'n nuwe hoof, dr Adriaan Ackerman, aangestel. Baie geluk aan hom. In van ons ander skole is sleutelposte ook gevul. Ons is dankbaar oor hierdie aanstellings.

Soos in die skoolhoofde se verslae uiteengesit, is ons ook dankbaar oor die matriekuitslae. Daar was benewens die akademie ook mooi sport- en kultuurprestasies. Om 'n enkele skool se prestasie uit te sonder is gewaagd, maar dit verdien vermeld te word dat Prinshofskool in Januarie aangewys is as die *Best Performing LSEN School in Gauteng* vir 2025. Voorwaar 'n besondere prestasie!

Elkeen van ons skole is in eie reg 'n toppresterder. So ook ons skoolhoofde en personeel. Hulle is die mense wat ons kinders se potensiaal ontsluit. Elke leerder is in sy of haar uniekheid 'n baanbreker.

Laastens herinner ons graag dat TOIBO besig is om gereed te maak vir ons 80ste bestaansjaarvieringe in 2027.

Uiteindelik kan ons maar net klein word voor ons Here se genade.

Aan Hom alle eer.

Seën!

Dr. Fanie van der Schyff



Ek kyk terug na 2025 met opregte dankbaarheid en staan in verwondering oor hoe duidelik ons Vader se hand in TOIBO se doen en late te sien was. Ons jaartema, *Breaking Barriers*, het nie net aan ons werk rigting gegee nie, maar ook aan ons ingesteldheid. Saam met ons donateurs, kerke en vennote kon ons werklik struikelblokke uit die weg help ruim vir leerders wat elke dag besondere uitdagings beleef. Met groot opgewondenheid kyk ek vooruit na 2026 en ons nuwe tema, *TOIBO unlocks potential*. Hierdie tema bou natuurlik voort op *Breaking Barriers* – want wanneer hindernisse verwyder word, kan potensiaal begin blom!

Potential is unlocked when support meets opportunity.

Danksy getroue ondersteuning kon ons al ons finansiële verpligtinge nakom en R1 000 380 in kontant aan die skole voorsien, tesame met talle produkskenkings. Daarmee kon ons die skole help om 855 behoeftige kinders te ondersteun. Hierdie getal neem steeds jaarliks toe. Alle donasies word doelgerig aangewend vir onder meer skool- en koshuisfoeie, vervoerkoste, skryfbehoeftes, klerasie, sanitêre produkte en voeding. Bykans 500 leerders ontvang daaglik etes by die onderskeie skole – noodsaaklike ondersteuning wat leervermoë, konsentrasie en welstand direk beïnvloed.

Die kerke het in 2025 op 'n besondere wyse saamgewerk – nie net met finansiële bydraes nie, maar ook met tasbare produkskenkings wat 'n daadwerklike verskil aan die leerders se daaglikse lewens maak. Skryfbehoeftes, higiëneprodukte en warm klere het vir baie kinders meer as net hulp beteken – dit het hul waardigheid herstel. Ons is opreg dankbaar vir gemeentes wat TOIBO se projekte ondersteun, ons ruimte gee vir bewusmaking, en help om ons storie verder uit te dra.



Throughout the year, the schools continued to face significant pressure, financially, administratively and emotionally. Subsidy issues, staffing challenges and growing academic expectations put strain on both educators and learners. TOIBO's role has been to support the schools with consistency and compassion. Through financial support, moral encouragement and donor engagement, we made certain that the schools did not have to face these challenges on their own.

It has been encouraging to see how the schools continue to strengthen their teaching and learning by introducing new subject fields and creating new opportunities for the learners. Some of the schools upgraded their facilities and expanded during 2025. This is a testimony of their pride, commitment and long-term investment to serve the learners who have special educational needs. We also focused on strengthening the connection between our donors and the schools. Due to more exposure and engagement throughout the year, donors were enabled to better understand the realities, needs and potential of LSEN education and TOIBO's involvement. We believe that this will lead to long-term partnerships with our supporters.

Soos elke gemeenskap, het ons skole ook lief en leed beleef. Ons harte gaan uit na Sonitusskool en Prinshofskool wat personeelsterftes ervaar het. Ons is bly saam met die skole waar langverwagte bestuursposte uiteindelik gevul is en stabiliteit kon herstel. Transvalia-Skool kon vanjaar ook begin met 'n nuwe hoof, dr Adriaan Ackerman, wat deel geword het van die TOIBO-familie. Daarby het talle leerders en personeellede besondere prestasies provinsiaal, nasionaal en internasionaal behaal en ons vervul met trots.

Ons spog ook graag met die pragtige graad 12-uitslae. Ten spyte van 'n groot diversiteit van gestremdhede en toenemende leerprobleme, het die skole oor die algemeen 'n verbetering in akademiese prestasies ervaar. 120 matrikulante het die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2025 geskryf, en puik prestasies is behaal. Prinshofskool, Transoranje Skool en Sonitusskool spog elk met 'n 100%-slaagsyfer, terwyl Martie du Plessis kort op hul hakke is met 98% en Transvalia-Skool met 88,5%. Gesamentlik is 43 onderskeidings behaal. Lees gerus elders in hierdie verslag meer oor die skole.

As we move into 2026, our theme of unlocking potential invites us to look beyond the immediate needs and to invest in sustainable growth regarding our learners, schools and partnerships. On behalf of TOIBO, I extend my sincere thanks to every donor, church and business that walked this journey with us. We also want to thank every staff member of the five schools for all your love and care, and for teaching our special children. Your involvement brings hope, restores dignity and opens doors to brighter futures.

Together, let us continue to unlock potential – one learner, one school and one partnership at a time.

When we unlock potential, we don't just change today – we shape the future.

Atta Koebemoer

Executive Officer

NUUS *uit*

In die Kollig!

met 'n huppel

IN DIE STAP



Teachers' Day

A small gesture of recognition and thanks to the teachers. TOIBO appreciates every teacher that passionately empowers our learners who have special educational needs, and helps them to unlock their potential!

TOIBO kuier saam om die lang tafel vir die televisieprogram *Met 'n Huppel in die Stap*. Hier is Alta Koekemoer saam met aanbieder Bettie Kemp.



New marketing tools

Our WhatsApp channel and wobblers at shops/churches, introduced during 2025, help to make the general public more aware of TOIBO.



Skoolbesoeke

Dit is altyd 'n voorreg om die TOIBO-geassosieerde skole te besoek en eerstehands te beleef hoe die leerders hul beperkinge oorwin!



Donateurs doen waardevolle kennis op oor die leerders in LSOB-skole. Hier besoek TOIBO en Pro Admin Prinshofskool tydens die skool se Lentedag / Mandela Day.

Mev Koekemoer help Transoranje Skool met die verpakking van die Desembervakansie se kruidenierspakkies vir behoeftige leerders, en oorhandig daarvan saam met koshuisbestuurder Lucy de Vos.

Dr Van der Schyff geniet die graad 11-groep van Transvalia se High Tea.



Casual Day and mascot Able with TOIBO visited Transoranje School and donated T-shirts.

die Kantoor



Kuiers by ons stigterslede

Transoranje se Gebarekoor tree op tydens 'n TOIBO-inligtingspraattjie by die NHKA Centurion-Oos op die Biddag vir Dowes.



Tydens die Tiende ADV en die Ubi Caritas-simposium van die NHKA van 20 tot 22 Maart het TOIBO 'n praattjie gelewer en 'n uitstalling aangebied, en 'n donasie van Plesion NPC ontvang. Hier is mev Koekemoer saam met ds Stephen de Beer.

Koppe bymekaar!

Verskeie vergaderings word gehou om belangrike inligting te deel en besluite saam met die stigterslede, skole en donateurs te neem.



Tydens die jaarlikse Ledevergadering is die Vriend van die Instituut-toekenning oorhandig aan ds Gerrie van Dyk, voormalige TOIBO-bestuurslid.

Hier ontvang hy die sertifikaat van ds Francois Esterhuizen.



Tydens die Maart-vergadering het die Uitvoerende Komitee Sonituskool se Grondslagfase besoek.



Ms Fridah Mathiba, teacher at Wespark Primary School, is ready for Casual Day 2025. This school is a valued and proud supporter of TOIBO with the annual Casual Day campaign.



Vergaderings is nie altyd sittend en formeel nie, soos Kerksondermure Dien se Kringvergaderings wys. Soms word praktiese diens gelewer, soos die verpakking van droë kosse, en ander kere hou hulle sommer 'n lekker Kerspiekniek-vergadering in die buitelug!



Uitblinkers

Ons skole, hul leerders en personeel behaal elke jaar groot sukses. Ons vertel hier van enkele van hul welslae. Lees gerus in die skoleverslae meer oor verskeie uitblinkers.

TOIBO wens elkeen geluk met sy of haar uitstekende prestasies en die inspirasie wat hulle vir ander bring.

LEARNERS SELECTED FOR TITANS NATIONAL T20 BLIND CRICKET TEAM

Prinshof School is immensely proud of **Samdar Kuyakese** and **Njabulo Nkosi**, two of its learners, who were selected to represent the Titans Blind Cricket Team at a national tournament held in Stellenbosch on 9 October 2025.

The selection of Samdar and Njabulo is a recognition of their talent, dedication and perseverance. Participating in this prestigious national tournament gave them the opportunity to demonstrate their sporting excellence in a broader environment. Prinshof commends them for this outstanding achievement and for inspiring others through their commitment, courage and sportsmanship.



Samdar Kuyakese



Njabulo Nkosi

Prinshof



Naledi Nhlapo, one of the Grade 12 learners, is a true inspiration.

Despite the academic pressure of Grade 12, she still manages to be a superstar on the Boccia court. She is an exceptional BC4 player and still holds the title of the number one BC4 in South Africa since 2004. She retained this title after the **2025 Toyota National Championships for the physically disabled**. She was then selected to represent SASAPD (South African Sports Association for the Physically Disabled and Visually Impaired) at the 2025 Cairo World Boccia African Regional Championships.

She was rewarded with a silver medal at this competition, making both Martie du Plessis and South Africa proud. Naledi is a fine example and inspiration for all our school's Boccia players. Boccia gives her life meaning because it is something she is good at. She showed others with physical disabilities that you can rise above your circumstances, no matter what they are. We congratulate her on her outstanding achievement.



Naledi Nhlapo



Martie du Plessis

Sonituskool spog met 'n trotse hengelaar, Christiaan du Plooy (Jaar 1 in 2025), wat vir Suid-Gauteng deelneem.



Christiaan du Plooy

Hy het die derde plek behaal by die Junior Gautengklub in 2025 en die vyfde plek in die Junior Gamefish Nationals van die SADSAA (South African Deep Sea Angling Association). Tydens die ALL STARS 2025 het hy die grootste snoek gevang. Christiaan het nasionale kleure in diepseehengel verwerf.



Mnr Abie Germishuys



Sonitus is baie trots op hul adjunkhoof, mnr Abie Germishuys, wat as die beste spanbestuurder aangewys is tydens die Cravenweek vir die **Blou Bulle LSOB-span**. Hy is ook gekies as ondervoorsitter vir die Blou Bulle LSOB-rugby vir die volgende drie jaar en gekies as afrigter vir die Blou Bulle LSOB-rugbyspan vir die volgende drie jaar.

Sonitus



Ronnie Shabalala



Elzane Day



Mev Elzane Day is aangewys as die algehele wenner vir Gauteng tydens die **Merietebyeenkoms vir Nasionale Onderwysers** in die afdeling vir 'n besondere bydrae tot spesiale onderwys.

Transoranje Skool is proud of its greatest achievement of 2025. **Ronnie Shabalala**, a Grade 11 learner, qualified to form part of the team that represented South Africa in Tokyo during the 25th Summer Deaflympic Games.

He participated in the long jump, high jump and 200 m relay. He obtained ninth place in the high jump and fifth place in the 200 m relay. Unfortunately he was not within the first ten with the long jump. When asked about his experience, he signed that he was proud to represent his country. He is a true ambassador for our country and we congratulate him on his outstanding achievement.

Transoranje Skool

Quintin Mbuyane is Transvalia's Victor Ludorum.

He participated in various track events and set two new records at the Prestige meeting for 800 m and 1 500 m.

He was chosen for the SA team and won gold medals for both his items at the **South African Championships**.



Quintin Mbuyane

Transvalia

Management



Chairperson
Dr SP van der Schyff



First Vice-chairperson
Rev GPJ Stoltz



Second Vice-chairperson
Rev F Esterhuizen



Additional Member
Mr AL Pretorius



Executive Officer
Mrs AC Koekemoer

GOVERNANCE OF THE INSTITUTE

Day-to-day management

Executive Officer — Mrs Alta Koekemoer

Executive Committee

- Management team
 - Principals of five schools
 - Executive officer
- Meet twice per annum

Management Team

- Chairperson
 - Two vice-chairpersons
 - One additional member
 - Executive officer
- Meet as often as required

Delegates of the

- Reformed Churches in SA
 - Netherdutch Reformed Church of Africa
 - Dutch Reformed Church
- Annual meetings

Members' Meeting

- Representatives of *founder members
 - Management team
 - Representatives of governing body of each school
 - Staff member – executive officer
 - School principals on invitation
- Meet once per annum

The 5 schools associated with TOIBO



Founders*



*Founder members

The sponsoring body was appointed by the Minister to promote special education and care for learners with disabilities in the schools associated with the Institute. TOIBO acts as a sponsoring body of these schools as defined in the Constitution.

TOIBO- Wisseltrofee



Sonitusskool

Die Sonitusskool Dux-/TOIBO-wisseltrofee word jaarliks toegeken aan 'n graad 12-leerder wat nie net akademies uitblink nie, maar ook deursettingsvermoë en 'n verbintenis tot leer toon. Hierdie eerbewys gee erkenning aan 'n leerder wie se akademiese rekord goed was van graad 10 tot graad 12.

Die ontvanger van hierdie trofee verteenwoordig die ideaal van akademiese uitnemendheid. Dit is iemand wat die beste moontlike resultate nastreef. Die Dux-leerder is 'n inspirasie vir die hele skoolgemeenskap en sorg vir 'n nalatenskap van prestasie en voorbeeldigheid.

In 2025 is die trofee toegeken aan Henrico Karsten.



Martie du Plessis

Rubin du Toit was 2025 se veelsydigste leerder.

Hy het presteer op sowel akademiese as sportgebied. Hy was deel van die VRL en is gekroon as Mnr Martie 2025.

Rubin het by verskeie geleenthede presteer in ASA Atletiek in hoogspring, waar hy Martie du Plessis se naam hoog gehou het. Ons is baie trots op hom.



Transvalia-Skool

Die TOIBO-wisseltrofee word toegeken aan die leerder wat ten spyte van soms moeilike omstandighede en leerprobleme steeds beïndruk het. Die leerder wat in 2025 hierdie erkentlikheidstoekening ontvang het, is Pierre le Roux.

Pierre het met sy pligsbesef, werkywer en toegewydheid 'n besondere indruk gelaat. Sy uitsonderlike goeie sin vir humor help hom om 'n positiewe lewensuitkyk te hê ten spyte van die uitdagings in sy lewe.

Matriek *Uitslae*

TOIBO is trots op hierdie leerders se prestasies, en ons prys hul harde werk en die toewyding wat hulle ten spyte van hul uitdagings getoon het. Ons erken ook die ondersteuning van onderwysers, ouers en voogde in die bereiking van hierdie resultate.

SONITUS

Sonitusskool is baie trots op ons graad 12-klas van 2025, wat bestaan het uit nege Afrikaanssprekende leerders. Die klas het 'n 100%-slaagsyfer en een onderskeiding behaal.

Drie leerders het gekwalifiseer vir baccalaureusstudies en ses vir diplomastudies.



Katlego Molobela — Onderskeiding IGO

TRANSORANJE

Transoranje Skool kondig met vreugde aan dat ons weer eens 'n 100%-slaagsyfer behaal het. Hierdie jaar het die leerders besonder goed gedoen en daar is selfs 'n onderskeiding in Ingenieursgrafika en -ontwerp behaal. Twee van die vier leerders is reeds aanvaar vir verdere studies by Belgium College in Pretoria-Noord. Ons wens hulle voorspoed en geluk toe vir die toekoms.

PRINSHOF

We are delighted to share our outstanding Grade 12 results of 2025 with you. Prinshof School again obtained a 100% pass rate and, so doing, continued our tradition of excellence. 90% of these learners qualified for bachelor's studies and 10% for diploma studies.

For the first time in the history of our school, we celebrate a learner who obtained six distinctions, as well as a learner with four distinctions. In total, the class of 2025 obtained an impressive 29 distinctions. We are delighted to share our outstanding Grade 12 results of 2025 with you. Prinshof School again obtained a 100% pass rate and, so doing, continued our tradition of excellence.

90% of these learners qualified for bachelor's studies and 10% for diploma studies. For the first time in the history of our school, we celebrate a learner, Clarissa Whittal, who obtained six distinctions, as well as a learner with four distinctions. In total, the class of 2025 obtained an impressive 29 distinctions. We congratulate our learners, educators and parents with this exceptional achievement, and we are immensely proud of the class of 2025. Prinshof was also awarded as the best performing LSEN school in Gauteng for 2025.

We congratulate our learners, educators and parents with this exceptional achievement, and we are immensely proud of the class of 2025. Prinshof was also awarded as the best performing LSEN school in Gauteng.

Clarissa Whittal




MARTIE DU PLESSIS

High School Martie du Plessis is proud of the 98% pass rate achieved by the 52 matriculants of 2025. 65% passed with a bachelor's pass, 25% with a diploma pass, and 8% with an endorsed pass. Overall they obtained 12 distinctions.

TRANSVALIA

Die 2025-matriekklas van Transvalia-Skool het hard gewerk en goed presteer in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS). Van die 26 leerders wat die eksamen afgelê het, het 23 suksesvol uit die stryd getree met 'n indrukwekkende slaagsyfer van 88,4%. Met hierdie uitstekende prestasie kwalifiseer 11 leerders vir baccalaureusstudies, 11 vir diplomastudies, en een vir 'n hoër sertifikaat. Christopher Potgieter, wat ook as Duxleerder aangewys is, het sy posisie as beste presteerder behou en 'n onderskeiding in Wiskundige Geletterdheid behaal!

Christopher Potgieter



Storie van Hoop

Hoe Martie du Plessis my lewe verander het

Ek het in 2003 my graad 12 aan Hoërskool Martie du Plessis voltooi en daar gematrikuleer. Wanneer ek vandag terugdink aan daardie jare, besef ek dat dit veel meer was as bloot 'n tydperk van akademiese groei. Dit was 'n vormingsfase – een wat my waardes, my manier van dink en uiteindelik my loopbaanpad diep beïnvloed het.

Martie du Plessis was nie net 'n skool nie, dit was 'n gemeenskap waar elke leerder se unieke vermoëns en uitdagings raakgesien en waardeer is. Ek het daar geleer dat onderwys nie net gaan oor punte en prestasie nie, maar oor mense. Dit gaan oor begrip, deernis en respek vir elke individu, ongeag hul vermoë of beperking.

As hoofmeisie het ek baie verantwoordelikhede gehad. Ek moes leer om balans te vind tussen my akademiese werk, skoolaktiwiteite en die leiding wat van my verwag is. Daar was tye van groot druk, maar ook tye van ongelooflike groei. Ek het geleer hoe belangrik dit is om as deel van 'n span te werk, om ander se sterkpunte raak te sien en om altyd empatie te hê. Daardie lesse sou later van onskatbare waarde wees in my beroep as onderwyseres en ook in my persoonlike lewe.



Wat my die meeste bybly, is die toewyding van die onderwysers. Ek het met bewondering gekyk hoe hulle, met eindelose geduld en liefde, met leerders met spesiale behoeftes werk. Hulle het elke kind laat voel asof hy of sy behoort – asof daar 'n plek is waar hulle veilig kan voel en waardeer word. Dit het iets in my binneste aangeraak, 'n roeping om self eendag so 'n verskil te kan maak.

Vandag is ek bevoorreg om deel te wees van die span by **Carel du Toit Spesiale Skool in Bloemfontein**, 'n skool vir leerders met gehoorgestremdhede. Elke dag herinner my daaraan hoe diep hierdie roeping in my geplant is. Ek sien hoe kinders met spesiale behoeftes groei wanneer hulle liefde en aanmoediging ontvang en met begrip hanteer word.

As ek terugkyk, weet ek sonder twyfel dat Martie du Plessis Skool my nie net vir 'n beroep voorberei het nie, maar vir 'n lewe van betekenis. Dit het my nie net kennis gegee nie, maar 'n hart vir diens en geloof dat elke kind, ongeag sy of haar vermoë, die potensiaal het om te skitter.

Martie du Plessis het nie net my pad gevorm nie – dit het my my lewensroeping help ontdek.

Lies van Niekerk

Hoofmeisie 2003





Donations




Badsakkieprojek
Ds Schreuder
NGK Horison-Noord



Desembervakansie
Kruidenierspakkieskenking



GKSA
Pretoria-
Brooklyn
Dames skenk
bidbeertjies



Projek Warmlyfie
Dr Antionette
Janse van Rensburg
NHKA Montana



Project
Full Tummy:
Kerksondermure
Voedselskenkings



Pro Admin skenk kennisgewingborde en badsakkieprodukte



Skenkings vir die skole verskaf deur donateurs



Donasies



Story of Hope

Prinshof



My name is Zanele Zulu.

I matriculated in 2022 at Prinshof School. I started at Prinshof School in 2010 in Grade 1. During my time at Prinshof I did a lot of things. I participated in athletics every year, and I entered dancing competitions as an extracurricular activity. In Grade 7, I joined the Prinshof School Chamber Choir, and we participated in numerous choir competitions.

In primary school, I also loved to participate in ice-skating competitions, and I used to sing in duets. I also did poetry and sighted reading.


In Grade 10, I joined the Senior Council and eventually became vice-president in Grade 12.

After school, I enrolled at a culinary school in Randburg to become a professional chef. I graduated in February 2025 in culinary arts, with a City and Guilds international certification. I'm currently furthering my studies at the same school in advanced pastry with an international pastry certification.

I will be continuing my studies in 2026 to obtain a bachelor's degree in hospitality studies. I urge people with disabilities to follow their dreams and to tackle any obstacle in their way. You can be part of something extraordinary – and success will be inevitable!

My dream

I do not want to stay in the kitchen forever, because I aspire to become a CEO of a catering company and to write my own culinary books.



Creativity in Hospitality

Die suksesverhaal van Gabriel Hoffman

My prioriteit in die lewe is eenvoudig: Ek laat geen hindernis my terughou nie. As daar 'n hindernis op my pad kom, breek ek dit. Ek is Doof, maar ek leef voluit.

Ná skool het ek baie struikelblokke ervaar, maar dit het my geleer om vir myself op te staan. Dit is waar my oortuiging begin het: Niks is 'n permanente hindernis nie – alles kan oorkom word.

I was born Deaf, and it is part of my family history – most of my family members are Deaf. A few of us attended the Transoranje School for the Deaf. I started my school career at Sonitus and later switched to Transoranje. In Standard 6, I spent a year at De La Bat School, after which I returned to Transoranje, where I completed my matriculation.

In beide laer- en hoërskool is ek as hoofseun verkies, en ek was ook by die Beheerliggaam betrokke. Rugby was my groot passie – ek het gehou van die rowwe, intense en uitdagende spel. Om eerlik te wees – ja, soms het ons 'n bietjie vuil probeer speel!

When I wrote my matric examination, I still did not know what to do with my life. In 2008-2009 I studied at the University of the Free State to become a teacher, but I realised that it was not the right choice for me. I then opted in favour of finding work.



In 2013, I commenced work at the National Council of and for Persons with Disabilities (NCPD). That is where I discovered my greatest inspiration. I started with elementary filing, but gradually acquired financial skills. Through hard work and perseverance I was promoted often, and today I proudly serve as National Office Manager.

Ek is getroud met 'n horende vrou, Vera. Ons het nie menslike kinders nie, maar ons het ons geliefde hondkinders. Ons is reeds tien jaar gelukkig getroud. Ek is ook lief vir die buitelewe en geniet dit om te gaan kamp en vis te vang. Dit is vir my 'n manier om te ontspan en nuwe energie te kry.



My wenke vir ander

Moet nooit glo dat jy iets nie kan doen nie. Glo in jouself, werk hard en vertrou jou eie vermoë – dan sal jy jou doel bereik en jou eie pad vind. Moenie luister na mense wat jou probeer afbreek of laat twyfel nie. Jy bepaal jou toekoms.

Remember, education is very important. It builds the foundation for your career and for the person you want to become. Your knowledge, your attitude and your perseverance are the keys to your success.

Hoopstorie van helpende hande



Ek is Lynette-Marie Anker,

'n jong vrou wat vas staan met oop hande wat help.

Ek het in 2021 gematrikuleer aan Transvalia-Skool waar ek van graad 6 af skoolgegaan het. As kind het ek daarvan gedroom om 'n brandweervrou te word. Soos wat ek ouer geword het, het ek besef dat hierdie droom minder gegaan het oor brande blus as oor die behoefte om mense te help.

In 2022 het ek ingeskryf vir Helpende Hand se beroepsertifikaat vir Tuisgebaseerde Versorgers. Tydens my jaar van opleiding het ek allerhande dinge geleer oor anatomie, eetplanne, noodhulp en die fisiese versorging van en omsien na die geestelike welstand van bejaardes, babas, kleuters en gestremde mense.



Dit was baie leerwerk, maar tydens my skoolloopbaan het ek die deursettingsvermoë en vasberadenheid ontwikkel om my studies suksesvol te voltooi.

Vandag is ek 'n tuisversorger wat roteer tussen sewe verskillende ouetehuse in Pretoria. Party dae is vol kreatiewe spel, en op ander dae gaan ons op uitstappies na die Botaniese Tuine en ander besienswaardighede. Elke dag is nuut en my werk is nooit vervelig nie.

Ek is dankbaar vir die vaardighede wat ek by Transvalia-Skool ontwikkel het. Dit het my gehelp om te groei tot die vrou wat ek vandag is. Ek glo my hande gaan vir baie jare nog regstaan om te help!

Projects



Project Sunshine

With this project, attention is given to the unique needs that each school experiences regarding needy learners. Funds can bring relief in respect of but not limited to hostel fees, transport cost, the feeding scheme, clothing, toiletries, stationery, assistive devices, and unforeseen expenses. We need cash donations to address these needs.



Project Stormy Weather

The objective of this project is to offer discretionary financial support to the schools and to alleviate unforeseen expenses and emergencies that cannot be covered by the school's budget or insurance and that fall outside the framework of the other projects.



Project Dignity

We do not want any child to face the humiliation of threadbare or too small school uniforms or other clothes and shoes, or of having to borrow other learners' stationery. Not to mention the dilemma of girls who do not have the necessary sanitary ware to attend school, or children without the basic toiletries. Project Dignity wants to ensure that we collect enough products to provide for the learners who cannot afford it. Cash for and donations of stationery, toiletries and clothing are always welcome.



Project Warm Body

Early public transport to school on cold winter mornings and large cold classrooms are the reality in our children's lives. We want to ensure that every child is warm and healthy through the cold winter days.

Donations are welcome.



Project Full Tummy

With this project, we want to ensure that no child goes through a school day or goes to sleep on an empty stomach. Some learners receive meals at school, others receive packed lunches for breaks. Many learners receive grocery parcels to take home, for example during holidays. Donations of cash or non-perishable food are appreciated.



Project School Shoes

Many learners seldom receive new school shoes.


We want to ensure that every underprivileged child has a fresh pair of school shoes that fits.

We ask for your support with financial contributions, as well as donations in kind so that we can manage the above projects successfully. A Section 18A tax-deductible certificate is available.

Unlocking potential

The Institute functions independently of the five public schools and supports the schools financially to assist needy learners. Due to the increasing number of underprivileged children, the schools' budgets cannot provide for all the additional expenses. The funds and donations in kind provided by the Institute are therefore crucially important.

We need you to become involved and to assist us with this very worthy cause. Your support helps these learners to unlock their full potential! Our projects include the following:



Furthermore, many in-kind donations of products/items such as clothing, toiletries, food and stationery were received and distributed to the schools.

A heartfelt thank you to all the donors for supporting our organisation!

With your support we empower the learners who have special needs, and we help them to overcome their limitations.

Transoranje Institute: ABSA, cheque account 020 840 145, branch code 632005.

E-mail the proof of payment and your contact details to info@toibo.org.za so that we can thank you.

STATISTICS

DISABILITIES

IN THE 5 SCHOOLS JANUARY 2025




TOTAL LEARNER
COUNT OF THE 5 SCHOOLS


1 924

DEMOGRAPHIC

PROFILES 2026



Learner count



Ways to be the one who helps us unlock the potential of our learners with special educational needs!

There are different ways to become involved. Be the one who makes a real difference in the lives of our children with disabilities and helps us to unlock potential!

Cash donations

Transoranje Institute
ABSA
Branch code: 632 005
Cheque account number: 020 840 145
Reference: Person's name
Email proof and contact details to alta@toibo.org.za

Support Casual Day

The Institute participates via the infrastructure of the NCPD (National Council of and for Persons with Disabilities). Encourage family, friends and colleagues to order their Casual Day stickers from TOIBO.

Please share our news

Please follow and share our Facebook posts, monthly news slide, video, annual report and the special information we share from time to time.

Sign up for our newsletters with subject line NEWSLETTER at info@toibo.org.za
Join our WhatsApp channel
TOIBO CARES4 LSEN

Nominate us

If you are aware of special charity events, such as golf days, please nominate TOIBO to the organisers as a beneficiary.

In order for us to thank you and for an 18A tax-deductible certificate, e-mail us your details when you donate.

You are welcome to contact us for more information.

Executive Officer: Mrs Alta Koekemoer
174 Duxbury Road, Hillcrest, Pretoria
076 143 6961 • info@toibo.org.za
www.toibo.org.za

Donations of items

Items that are always needed:

- Clothing
- Non-perishable food
- Stationery
- Toiletries

A list of items is available at TOIBO.

Koopkrag and Pretorium Trust

Members can make monthly donations (regardless of the amount) via their Koopkrag or Pretorium Trust account. The TOIBO office can be contacted for a form.

Monthly contributions

Make monthly private contributions or even suggest at places of employment that a company contribution be made. 18A tax-deductible certificate is available.

Testament beneficiaries

By adding a codicil to your will, you can bequeath an amount to the Transoranje Institute for Special Education. In terms of Section 4(h) of the Estate Duty Act 45, 1955, bequests to a public benefit organisation are exempt from estate duty.

Move to MELON MOBILE

The Institute has a new partnership with Melon Mobile. If you support the project CHAT FOR CHILDREN by signing up for incredible deals with our promo code **TOIBO**, your subscription will benefit TOIBO while you save on mobile fees!
www.melonmobile.co.za

Sign up



Transvalia

Skool vir Epilepsie & Leergestremdhede



INTRODUCING TRANSVALIA SCHOOL'S NEW PRINCIPAL, DR ADRIAAN ACKERMAN

We are pleased to welcome Dr Adriaan Ackerman as the new principal of Transvalia School, effective 2026! We look forward to continuing our relationship with TOIBO under his competent guidance.

Dr Ackerman is a distinguished academic committed to quality education and ethical leadership. He began his teaching career at Magalieskruin Primary School and later joined Sonitus School as a teacher in the FET and Senior phases. He was appointed head of department at Prospectus Novus School in 2015 and later progressed into senior management there.

Dr Ackerman's academic journey shows sustained excellence, with a BEd Honours (University of Pretoria), MEd in Education Management and Leadership (University of Johannesburg), and DEd in Education Management (Tshwane University of Technology, 2024). With his strong academic foundation, Dr Ackerman currently supervises honours and master's research students at the University of Johannesburg and has lectured in Education Management at Tshwane University of Technology.

As principal, Dr Ackerman brings professionalism, collaboration, inclusivity, and lifelong learning to Transvalia School. He will work closely with staff members, parents and learners to ensure quality education and holistic development.

Beyond his professional roles, Dr Ackerman is a devoted family man, married and the proud father of two sons. He values strong family relationships and believes that the principles of care, respect and responsibility learned at home are fundamental to effective school leadership.



Mev Steyn het gedurende 2025 waargeneem as hoof van Transvalia-Skool. Sy word bedank vir haar harde werk en toewyding om die jaar vir die skool glad te laat verloop.

UIT DIE WAARNEMENDE HOOF SE KANTOOR

Aan die einde van 2025 is dit vir my as waarnemende hoof 'n groot voorreg om waardering uit te spreek vir die merkwaardige werk wat TOIBO gedurende die jaar verrig het. Jul onwrikbare toewyding en passie vir leerders met buitengewone onderwysbehoefes getuig van 'n ware roeping en medemenslikheid. Deur jul ondersteuning, leiding en kundigheid skep julle geleenthede vir elke leerder om te groei en sy of haar volle potensiaal te bereik. Jul vennootskap met ons skole versterk nie net onderrig nie, maar bring ook hoop vir en geloof in elke kind se toekoms. Mag ons samewerking voortgaan om lig en moontlikhede vir nog meer leerders te bring.





'N LAG EN 'N TRAAEN

Met 'n lag en 'n traan het ons mev Mari Harmse gegroet toe sy in Julie 2025 afgetree het. Sy was 'n formidabele 42 jaar lank werksaam by Transvalia-Skool. In 2009 is sy as departementshoof aangestel, en in 2022 as adjunkhoof. Haar insig oor kinders in buitengewone onderwys en haar vermoë om 'n saak uit verskeie hoeke te beskou, laat vir seker 'n leemte in ons midde. Mari is 'n wonderlike storieverteller en was ook vir baie jare die hand agter ons skool se TOIBO-verslag.

Me Ina Frylinck is nuut aangestel as adjunkhoof. Sy is sedert 2010 verbonde aan Transvalia-Skool en is in 2019 aangestel as departementshoof. Ina is bekend in LSOB-atletiekkringe as 'n briljante organiseerder en sterk administrateur.

These skills also led her to the role of QMS coordinator, overseeing staff quality management systems at Transvalia School, and chief invigilator of the NSC exams, ensuring exam integrity and smooth administration. We look forward to entering this new era with Ina.

PERSONNEL STARS

Hierdie personelede se aktiwiteite getuig van Transvalia-Skool se betrokkenheid in ons gemeenskap, wat verder strek as die klaskamer.



Mr Daniël de Witt is a well-known figure in softball circles. He is a provincial softball scorekeeper (SSA level 3), and he serves in the Tshwane Schools Softball Executive Committee. Mr De Witt is also a CANSA volunteer, serving in the planning committee of CANSA Relay for Life.



Mev Nolène Rademan is op 30 September verkies as streeksverteenvoerder van die SAOU se Provinsiale Uitvoerende Raad.




Mrs Reinette Myburgh served as a provincial moderator for Grade 12 Life Orientation after serving for two years as a district moderator.

Hulle maak ons trots.

AKADEMIE

Christopher Potgieter, 'n toegewyde leerder met 'n hoë werkstandaard, is aangewys as ons Duxleerder vir 2025 met 'n spoggemiddeld van 72%! Hy is bekend vir sy buitengewone deursettingsvermoë, positiewe gesindheid, konstante harde werk, respek en hoflikheid.

Joshua du Preez, who always strives for that perfect plate by giving it his all, was acknowledged as Chef of the Year 2025.



Joshua du Preez

Duvan Ackerman

VALIE VAN DIE JAAR 2025

Duvan Ackerman in graad 7 is aangewys as Valie van die Jaar en het 'n TOIBO-boekprys as deel van die toekenning ontvang.

Duvan het nog nooit toegelaat dat sy leerprobleme vir hom 'n struikelblok word nie. Op akademiese gebied is sy deursettingsvermoë beloon en het hy onder die Top-3 akademiese presteerders gëeindig. Duvan is besonder lojaal teenoor sy skool en neem op alle terreine met oorgawe deel. Hy word geken aan sy goeie gedrag en die respekkvolle wyse waarmee hy die personeel en sy klasmaats hanteer. Hy openbaar besonder sterk leierseienskappe en is daarom eenparig deur die personeel verkies as hoofseun vir 2025.

Ons by Transvalia-Skool glo dat Duvan al die kwaliteite openbaar om 'n waardige ontvanger te wees van die prestige-toekenning Valie van die Jaar vir 2025. Ons glo dat hy sy skoolleuse, *In geloof voorwaarts*, ten volle uitleef en dat hy 'n leerder is waarop Transvalia-Skool voorwaar trots kan wees!

SPORT

Sport is belangrik om die fisiese ontwikkeling van ons leerders te bevorder. Atletiek is ons sportsoort met die grootste deelname. Tydens 'n suksesvolle seisoen wat oor vier byeenkomste gestrek het, het Transvalia-Skool 140 medaljes gewen.



Klaradyn Kemp



Emily Langley



Franco du Plessis

UITSKIETERS

Emily Langley ding nasionaal mee in roei. Sy is ook aangewys as Transvalia se Victrix Ludorum vir haar merkwaardige prestasies in hoogspring, spiesgooi, skyfwerp en gewigstoot.

Franco du Plessis is deel van die Noord-Transvaal Noord o/19-krieketspan en het in 2025 deelgeneem aan die Bokkieweek.

Klaradyn Kemp en Janco Erlank het by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe meegeding in hoogspring. Simuné Botha het meegeding in die 100 m en in verspring.

KULTUURSKATTE

Hierdie jaar het 42 leerders uit alle fases en afdelings van ons skool op 1 Augustus aan die Pretoria Eisteddfod deelgeneem. Al ons leerders was netjies in hul volle skooluitrusting geklee en het hul allerbeste gelewer. Die uitslae was soos volg: 26 A++ en 16 A+.

In die visuele kunste het 23 leerders deelgeneem aan die Afrikaanse Kunsvereniging Pretoria se kunswedstryd in die afdeling vir buitengewone en spesiale onderwys. Hulle het baie goed presteer. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat Keara Brits in graad 10 beloon is met A++ en 'n medalje.



Mev Amanda Neethling en Patricia Lennox met die Grondslagfase se Eisteddfod-deelnemers



Mrs Marieta Krehl with her learners that participated in the Eisteddfod

KLEIN WINKELTJIES

Op 31 Oktober 2025 het die Grondslagfase 'n markdag aangebied om hul entrepreneursvaardighede uit te brei. Elke entrepreneur het sy advertensieplakkaat vertoon en daar was iets van alles uitgepak. Die kopers kon kies en keur tussen al die lekkernye! Die leerders het dit baie geniet en hulle het beslis geleer van koop en verkoop. Elkeen is met 'n mooi wins in die geldblikkie huis toe.

PROSPERITA-KLUB

Prosperita is 'n tienerklub wat leerders 'n breër kulturele blootstelling gee, asook die geleentheid om hul karakter te ontwikkel. Leerders doen jaarliks aansoek om deel te wees van dié elite klub.

This year Prosperita consisted of 33 high school learners who were selected as members. Nine educators are involved with the group. They had four excursions this year, to Tapimanzi Adventures, Museum of Illusions, Go-karting, and Tenpin Bowling.



ONE ENCHANTED EVENING

On the 2nd of October the matric farewell was held at the A'la Turka Restaurant. The guests stepped into a world of shimmering silks, candlelight and red carpets that created an enchanting atmosphere. As they entered, they were greeted by the warm glow of lanterns and the promise of a night to remember – a truly unforgettable experience! A whole new world opened for everyone!

Na baie beplanning en harde werk was hierdie aand 'n groot sukses. Almal het dit terdeë geniet, van die kos tot die passies op die dansvloer! Dankie aan al die matriekleerders wat soveel moeite gedoen het met hul uitrustings, want elkeen het pragtig gelyk.



A NEW ERA IN TRANSVALIA SCHOOL'S THERAPY DEPARTMENT

Transvalia School is excited about the new chapter in its therapy department, marked by the recent arrival of talented professionals who bring fresh expertise and energy. We welcomed two speech therapists and four occupational therapists, each with valuable experience from diverse settings.

A new chief occupational therapist, Mrs Mariska Smith, was also appointed in 2025. By integrating the knowledge and experience of our new therapists with the existing expertise within our department, Transvalia School is positioning itself for even better support and impactful outcomes for our learners.



Front from left to right: Mariska Smith (chief occupational therapist), Jorita Viljoen (chief speech-language therapist)

HELPING HANDS TO MAKE THE FUTURE BRIGHTER



In June 2025, 17 staff members – teachers and therapists – attended the District Base Accommodation Committee's (DBAC's) training to be a reader, scribe, prompter or personal assistant. This enables us to continue delivering the best possible service when catering for our learners. As a team, we strive for excellence.



PARENTAL GUIDANCE AT TRANSVALIA

Through close collaboration between our social worker and our disciplinary head, our parental guidance platform continues to improve. Interventions range from individual parental support to parental information sessions and home-school collaboration where parents are encouraged to engage with teachers regarding their children's academic and behavioural progress. This partnership between the social worker and the disciplinary head creates a more supportive and consistent approach to learner development. Our social worker's involvement is also crucial in identifying families in need.

VOEDINGSKEMA EN OMGEEPROJEK

Gedurende 2025 was daar 'n toename in die getal gesinne wat kospakkies benodig en leerders wat daaglikse broodjies ontvang. Daar is tans 45 leerders wat daaglikse 'n broodjie kry. Soms het ons 'n tekort gehad aan smeergoed en dan die personeel gevra om margarien, grondboontjiebotter en ander smeergoed by te dra. Ons is dankbaar vir elkeen se oop hand en hart. Daar was weer 'n ouer wat in die winter gaan jag het, en sodoende kon ons aan elkeen van die 37 gesinne wat kwartaalliks kruidenierspakkies ontvang, eenmalig vars vleis voorsien.

TOIBO was vanjaar ons grootste donateur en ons is dankbaar vir die gereelde aflewings van voedsel en klerasie. Leerders het skooltruie en skoolkouse ontvang, en daar was ook skenkings van gewone klere.

Ons omgeeprojek het die jaar afgesluit met die Engelboksprojek. Daar is 70 minderbevoorregte leerders wat 'n geskenk ontvang het om hul kinderharte oor die Kerstyd te verbly. Hierdie bokse is deur die personeel, hul familieledere en ander donateurs gepak. Ons waardeer die volgehoue ondersteuning.

TRANSVALIA PEBBLE ROCK GOLF DAY – 'N EERSTE

Ons heel eerste Gholfdag het op 26 September by die Pebble Rock Golf & Country Club plaasgevind – 'n dag vol spanpret, breë glimlagte en groot sukses! Met die ruimhartige ondersteuning van ons borge het ons 'n merkwaardige bedrag van R104 000 ingesamel. Hierdie dag was nie net 'n hoogtepunt op ons skoolkalender nie, maar ook 'n bewys van samewerking en gemeenskapsgees. Ons bedank almal wat deel was van hierdie gholf-avontuur – julle het van die eerste Transvalia Gholfdag 'n daverende sukses gemaak!



Sonitus

Skool vir Gehoor- en Leergestremdes



Toe die Here vir Noag die opdrag gegee het om 'n ark te bou, was dit sodat Hy sy mense kon beskerm en weer kon voortbou aan sy volk. In 2025 het Sonitus die vaart aangepak in 'n ark, nie die Titanic nie.

Die waters was onstuimig, die golwe was hoog en die wind het gewoel, maar deur die Here se genade en met almal se daaglikse spanwerk, kon die Soni-ark op droë grond anker.

PROUDLY SOUTH AFRICAN

During 2025, our theme focused on *Proudly South African*. With our diverse culture and both Afrikaans- and English-speaking learners, it is important to diversify. This was also our theme for our biennial Revue where we promote mass participation. The past year was no exception, and the learners thoroughly enjoyed their moves on stage!

VAARTBELYNDE AKADEMIE

Sonitus se oorspronklike doelwit was om onderrig te bied aan Afrikaanse gehoorgestremde leerders, en ons het steeds 'n groot meerderheid Afrikaanse leerders wat in hul huistaal onderrig benodig.

Ons tweede aanbiedingstaal is Engels, en daar is toenemend leerders wat veral ons Tegniiese Beroepsfase betree en onderrig in Engels ontvang. In dié fase bied ons die twee tale gelyktydig aan in 'n klas van seuns en dogters, so ingedeel vir praktiese doeleindes. Sentrums en personeel is beperk en daarom is daar nie 'n groot verskeidenheid vakke wat aangebied kan word nie.

Die kultuur rondom leer en presteer het verander – leerders moet sterker gemotiveer word, en ouerondersteuning is ongelukkig min. Die Departement het in 2025 die kollig op ons laat val ten opsigte van akademiese prestasie, en gefokus op ons graad 6-leerders.

Die skoolhoof het aan senior departementele beamptes verduidelik dat Sonitus 'n skool is vir leerders met gespesialiseerde onderwysbehoefes, en dat ons aanbieding uniek is. Verskillende spesiale skole funksioneer nie dieselfde nie.

Sonitus volg drie kurrikulums, wat addisionele verpligtinge en verantwoordelikhede plaas op personeel wat soms in meer as een baan onderrig gee. Leerders in die verskillende bane, van graad R tot graad 12, het verskillende gestremdhede, en daar word van die personeel verwag om voldoende voorbereid te wees om die uitdagings te hanteer.

In die akademiese baan neem ons leerders Gasvryheidstudies. Aan die einde van die jaar bied elke groep 'n ete aan vir ouers en personeel – graad 10 sit 'n ontbyt voor, die graad 11-groep 'n *High Tea*, en die graad 12's se finale praktiese eksamen is 'n vyfgangmaaltyd. Dit is heerlike bederfoggende vir personeel en genooides.



Die leerders in die verstandelik erg gestremde afdeling bied twee maal 'n jaar 'n tegeleentheid met pragtige versierings en heerlike kos aan vir die Skoolbestuurspan. Hierdie geleentheid is een van die hoogtepunte in die leerders se jaarprogram.

Die TBF-dogters (Tegniese Beroepsfase) van Jaar 2 het hierdie jaar se naelkennis en masserings gaan toepas op inwoners van die Beth-Rapha-sentrum vir bejaardes, waar 'n inwoner van 104 jaar oud vir die dogters en Sonitus gebid het... watter spesiale geleentheid! Die Jaar 3-dogters het die terapeute van die Angel Spa and Beauty Studio in Sinoville gaan bederf met hand-, nek- en rugmasserings. Die dames het dit baie geniet om vir 'n verandering die kliënte te wees!

CHALLENGES

In a specialised school such as Sonitus, aggravating factors are attributed to learners. This means for instance that 25 learners are counted when there are five hearing-impaired learners in a class. This factor has implications for the number of posts available, and especially for the fact that learners with special educational needs require additional attention. A learner with a specific learning problem is weighted at 3, an autistic child at 6, a severely intellectually disabled child at 3, and a child classified as mild to moderately intellectually disabled at 2,5.

NATUURLIKE TALENT

Leerders neem jaarliks deel aan die ATKV-kunswedstryd vir spesiale skole. Die leerders dra gedigte voor, die verstandelik erg gestremde groep het 'n gebaretaalooptriede aangebied, en 'n graad 11-leerder, Jennica van der Sandt, het haar eie gedig aan die beoordelaars voorgedra.

59 leerders het deelgeneem in die voordragafdeling en 23 het kunstukke ingedien. Die leerders se kunstukke het besondere talent geopenbaar. Die natuurlike talente van leerders kom hier na vore omdat ons slegs tot by graad 9 Skeppende Kuns as 'n vak aanbied.



Soms neem dissipline-uitdagings ook tyd in beslag en word akademietyd ingeboet om eers rustigheid in 'n klas te bewerkstellig. Elke leerder wat hul persoonlike probleme skool toe bring, beïnvloed die dag se verrigtinge.

Our classes are smaller and there is limited space available. These factors are not always taken into account by the Department.

Sonitus was privileged to obtain three additional posts for the past year. Unfortunately the processes of filling posts are difficult, and some learners were without teachers for long periods. The database of the Gauteng Department of Education, which is used for applications, provides limited information. There are many applications but few from Afrikaans-speaking candidates.

The posts that were approved for the year were withdrawn for 2026, which increased the staff's workload, due to the fact that the school's governing board cannot fund any more posts. Posts are allocated according to the number of learners, and Sonitus admitted fewer "weighted" learners in 2025. Because there is only one Afrikaans and one English class per grade, the staff must teach in several grades, sometimes also more than two subjects.

Sonitus's nurse of the past nine years, Sister Salome Gower, died in a car accident in June. We will miss her voice and her boisterous laugh for a long time to come.

UIT- EN INSTAPPIES

Die VLR het hul jaar afgesluit met 'n informele geleentheid by Acrobranch Adventure, terwyl die VEG-leerders 'n heerlike afsluiting met waterspele geniet het.

SKOONSKIP OOR DIE WENSTREEP

By die Buitengewone Onderwys Interskolebyeenkoms het Sonitus opnuut die eerste plek behaal. Harde werk van personeel en leerders, asook toewyding tydens oefensessies, is deurslaggewend vir so 'n prestasie.

Min leerders neem aan sport deel, maar ons probeer wel om verskeie sportaktiwiteite te doen om aan die leerders geleenthede te bied. Ons het met sokker begin, tans slegs vir oefening, maar ons sal graag verdere geleenthede vir ons leerders wil ondersoek.

Ons beoog om in 2026 te begin met leerderspanne vir rolbal, waar daar reeds 'n vasgestelde liga bestaan.



FEESVIERINGE EN FONDSINSAMELINGS

Sonitus se Rolbaldag, wat nou vir die derde jaar plaasvind, bied geleentheid om fondse in te samel vir ons behoeftige leerders. Weens die min personeel en beperkte ouerbetrokkenheid is daar min geleenthede vir fondsinsamelings.

Ons hou elke twee jaar ons Damesdag en het in 2025 ons formaat verander. Ons het 'n oggendgeleentheid aangebied met 'n mini-kosmark waar dames iets te ete en te drink kon koop en heerlik in die buitelig saam met vriendinne kon sit en kuier. Hierdie jaar se geleentheid was 'n vertoning van Nataniël, wat die lagspiere behoorlik laat werk het.

Aan die einde van September het ons ons Revue aangebied. Die leerders het hul heupswaai-talente op die verhoog gewys. Op die ritme van verskillende Suid-Afrikaanse musiekgenres het ons Trots Suid-Afrikaans gebly.



DANKIE!

Die impak van TOIBO en hul borge se bydraes kan nie voldoende in woorde omskryf word nie. Ons leerders se kinderlike dankie, diep uit die hart, omskryf dié wat in ons sorg geplaas is se dankbaarheid vir die kos, skryfbehoeftes, klere en toiletware wat elke oom en tannie bydra.

Storie van Hoop

Ter Nagedagtenis aan Retief Viljoen

Retief Viljoen, 'n trotse oudskolier van Sonitusskool vir Hardhorendes, het die skool in 1993 verlaat en sy lewe lank die waardes en dissipline wat hy daar geleer het, uitgeleef. Sy liefde vir sport, en in besonder gholf, het hom tot op internasionale vlak geneem toe hy Suid-Afrika in 1995 by die World Deaf Golf Championships in Engeland verteenwoordig het.

Die wêreldkampioenskap is van 6 tot 12 Augustus 1995 by die Forest of Arden Country & Golf Club in Warwickshire aangebied. Retief was deel van die Suid-Afrikaanse manspan wat sewende geëindig het, saam met Jacques van Zyl, Raymond Graff, Zacharias Conradie, Daniel Marais en Albertus Louw.

Hierdie prestasie het nie net sy sporttalent bevestig nie, maar ook sy deursettingsvermoë en toewyding.




Die Pretoria Oumotorklub bied maandeliks geleentheid vir die koshuispersoneel om kosverkope te hanteer. Die hektoegang word deur ons VLR gehanteer en die fondse gaan na die behoeftigeleerderfonds. Die verkope deur die koshuispersoneel word aangewend vir die koshuis se behoeftige leerders en om elke jaar dié leerders te bederf met 'n Kersete en 'n klein Kersgeskenk. Die opwinding op die kinders se gesigte wanneer hulle vir Kersvader sien, maak alles die moeite werd. Ons het die afgelope drie jaar die leerders bederf met 'n ete by die Lion's Den-restaurant in Silverton.

'n Borg skenk jaarliks 'n bedrag om vir die leerders tydens Paasfees sjokolade te koop en vir Kersfees 'n klein geskenk vir elke leerder van Sonitus. Hierdie jaar se kort Kersboodskap en die sing van Kersliedere was weer vir die leerders 'n hoogtepunt.



MATRIC FAREWELL

During our school-leavers function, the roaring of motor engines and the braying of a horse were the sounds heard in the heart of Rietondale, at Deja-vu Tea Garden & Venue. Silky dresses, interesting suits, and imaginative headgear formed part of the evening's surprises. The learners chatted, danced and laughed like only Sonitus learners can!



Ná sy skoolloopbaan het Retief vir baie jare as administratiewe klerk gewerk, eers by Volkskas en later by ABSA, waar hy bekend was as 'n betroubare en pligsgetroue werknemer.

Retief Viljoen is in 2022 oorlede. Ter nagedagtenis aan sy nalatenskap en sy band met Sonitusskool, skenk sy familie sy Suid-Afrikaanse baadjie aan sy alma mater, sodat sy verhaal van deursettingsvermoë en sukses voort kan leef en ander kan inspireer.

Afskeidsgroet

Francois van Heerden

Soms neem die kronkels van God se “genaderivier” ’n mens na vreemde bestemmings. Soms kronkel God se “genaderivier” deur diep valleie en soms kners dit tot stilstand op die vlaktes van ons bestaan.

Vir die afgelope 13 jaar was ek deel van hierdie “genaderivier” wat gekronkel het deur die versplinterde DROME van leerders en ouers wat moes vrede maak met ’n verskeidenheid gestremdhede en die uitdagings wat dit bring. Ek kon eerstehands beleef hoe die “genaderivier” elke dag die seer van leerders en ouers stukkie vir stukkie erodeer om uiteindelik rustigheid in hul gemoed te bring. Ek kon ook beleef hoe die “genaderivier” wat altyd die sediment van HOOP in hom dra, later iewers waar dit rustig en kalm is, hierdie HOOP deponeer om nuwe vrugbare geleenthede vir groei te skep langs God se “genaderivier”.

Vir 13 jaar was ek saam met elke personeelid bevoorreg om versplinterde DROME te help herbou en om ook ’n draer van HOOP te wees. Vir bitter min hiervan kan ek die krediet neem en min daarvan was my eie handewerk, want in die woorde van die bekroonde digter en sanger Koos du Plessis, kan ek ook net getuig: *Wat ek is, is net genade, en wat ek het, is net geleen.*

Nou is dit tyd vir my om te groet en terug te kyk, en te sien hoe die hand van ons Here self hierdie pad vir my help voorberei het met my aanstelling as ’n jong, onseker posvlak 1-onderwyser in 1991 by Martie du Plessis. Daar was ek bevoorreg om Geografie aan te bied vir die eerste graad 12-klas. Min het ek geweet dat daardie drie jaar verbonde aan Martie du Plessis Skool my lewe en my lewensuitkyk so ingrypend sou verander. Twee ander skole later en ná ’n draai by die Departement van Onderwys se distrikskantore, het ek my pad teruggevind na Martie du Plessis.

Dankie, Here, dat u genade vir my elke dag genoeg was.

Dankie vir die 13 wonderlike jare wat ek hierdie stukkie grond en sy mense kon leen. Alles wat die afgelope 13 jaar gebeur het en waarin ek op die een of ander manier ’n rol gespeel het, was inderdaad slegs genade uit die hand van ons Hemelse Vader.

Mag DROME in oorvloed steeds herbou word!
Mag HOOP elke oggend nuut wees!

Mag die Here se “genaderiviere” bly kronkel vir hierdie geliefde skool!
Ad Lucem, na die Lig!

As herders moet julle die kudde van God goed oppas; hulle is aan julle toevertrou. Hou gewillig toesig oor hulle, nie omdat julle gedwing word nie, maar omdat julle wil doen wat God wil hê; nie om julleself finansiëel te verryk nie, maar omdat julle graag in God se diens staan. (Petrus 5:2-3, NLV)

Louwrens Francois van Heerden het in Januarie 2013 Hoërskool Martie du Plessis se hoof geword. Die Bybelse Petrus kon die opdrag in 1 Petrus 5:2-3 netsowel aan Francois van Heerden gegee het, want dis hoe hy sy roeping dag tot dag ervaar. Sy hoeksteen is sy geloof in sy Skepper wat hom daagliks lei en rig, en hy leef dit sonder skaamte uit.

Wat was sy doel of missie? Herbou drome en bemagtig leerders en ouers met hoop vir die toekoms. Met dié basis het ons begin bou! Ons het almal dié idee ondersteun; maar dit was meer as ’n idee, dit het ’n beweging geword – ’n beweging om die beste uit elke leerder te haal, om die leerders hul volle potensiaal te laat bereik.

Met mnr Van Heerden se inspirerende en innoverende leierskap het hy ons skool gelei van net nog ’n spesiale skool, na ’n leier op die gebied van spesiale onderwys.

Sy passie was om leerders die beste kans moontlik te gee. Hy het inisiatiewe soos positiewe beloningsaande, *Wow*-sertifikate en omdraibalkies ingestel waarmee leerders erkenning kry vir die waardes wat hulle ervaar en nie noodwendig vir hul akademiese prestasies nie. Gedragsmoeilike leerders het ’n ommakeer in hul akademie gemaak – kinders wat andersins geen hoop gehad het nie.

Hy is ’n man met integriteit wat altyd regverdig wil wees. Hy sal ook nooit ’n steen onaangeroer laat om sake, hoe nietig of ernstig ook al, te hanteer nie. Dit laat ons as personeel veilig voel omdat ons weet dat elke persoon vir hom belangrik is.

Hy hou van sy grappies. Ons personeelkamer het menigmaal ontaard in ’n skaterlag, meestal as hy met homself spot. Meneer het dit ook reggekry dat Martie du Plessis ’n skool is waar jy kan “wees”, jou potensiaal kan bereik, en geliefd kan voel. Ons gaan jou geweldig mis, mnr Van Heerden, en ons wens jou alle voorspoed toe met jou nuwe uitdagings.

— Jacques Redelinghuys, kollega en vriend

Martie du Plessis

Skool vir Fisiese, Serebrale & Leergestremdhede



The 2025 theme, **You are so much stronger** than you think, perfectly captured the spirit of Martie du Plessis School. Throughout the year, learners and staff were encouraged to persevere, grow and realise just how strong they truly are – academically, physically, emotionally and spiritually.



68 JAAR!

Op Vrydag 9 Mei 2025 het ons die skool se 68ste verjaardag gevier met 'n gasspreker, Tebogo Raleteki.

Die leerders en personeel is bederf met heerlike blou-en-wit spookasem, wat die vieringe ekstra spesiaal gemaak het.

KLAS VAN 2025

Ons is baie trots op die klas van 2025. 52 matrikulante het die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen afgelê. 'n 98%-slaagsyfer is behaal, 65% het geslaag met baccalaureustoelating, 25% met diplomatoelating, en 8% met 'n geëndosseerde sertifikaat. Gesamentlik is 12 onderskeidings behaal.



UPGRADES

The upgrading projects during 2025 include:

- Upgrading of computers for the digital technology class.
- New main gate and entrance at the school hall.
- New archery range.
- New sensory area at occupational therapy: Phase 1 completed, Phase 2 planned for 2026.



New main gate



New sensory area

PROPIE-PROJEK

Die koshuis is besig met die proppeprojek. As ons 450 kg proppe insamel, kan die skool 'n rolstoel gratis kry! Die projek staan reeds op sowat 70 000 proppe!

BOOGSKIETBAAN

Op 12 April 2025 het Martie du Plessis Skool en Curro-skool 'n gesamentlike liga-boogskietwedstryd aangebied. Tydens dié geleentheid is Martie du Plessis se splinternuwe boogskietbaan ook amptelik geopen en ingewy. Dit was die eerste keer dat so 'n kompetisie by Martie du Plessis aangebied is.

Ons is bevoorreg dat ons hoof, mnr Francois van Heerden, saam met die skool se beheerliggaam die visie gehad het om fondse beskikbaar te stel vir die bou van 'n eie boogskietbaan – 'n eerste in die Vrystaat. Dit vergemaklik oefeninge aansienlik aangesien die baan reeds opgestel is en die leerders slegs die boë en teikens hoef uit te pak wanneer oefeninge begin.

New archery range



Kunsuitstappie

UITSTAPPIES

Die Kunsleerlinge van grade 10 tot 12 het hul uitstappie na Oliewenhuis Kunsmuseum baie geniet en waardevolle kennis opgedoen.

The Grade 8 learners enjoyed their educational trip to the Planetarium at Naval Hill. They explored the wonders of the night sky. It was both informative and inspirational, sparking curiosity for science among our learners.

Die graad 9-leerders het die hof besoek. Die ervaring was interessant en hulle het dit baie geniet.

The hostel learners had the opportunity to visit Roman's Pizza where they learned more about baking and preparing your own pizza. They learned how to prepare the dough and how to bake the pizza. They had a lot of fun!



The Grade 8 learners visit the Planetarium

MATRIEKAFSKEID

Die tema van 17 Oktober 2025 se spoggeleentheid was *Enchanted Forest*. Ons graad 12-leerders het pragtig gelyk en die aand terdeë geniet.



SPORTS DAY

On 16 August, our Sports Day, the following schools participated: Cape Recife, Lady Brand, Rosenhof, Boitumelong, Jimmie Roos, Dr Böhmer, Dr Viljoen, Bloemfontein Secondary School, and Fichardt Park High School. Rugby, netball, soccer, hockey, cross-country, revue, pom-poms and gumboots were involved. Everyone thoroughly enjoyed the day and the activities.



FONDSINSAMELINGS

Spelling Competition


This year the Spelling Competition raised R130 775. The teachers and learners had to dress up after every R20 000 received. Every year we stand amazed by God's grace over this fundraising project.

Aand van die Sterre 2025

Vanjaar was dit die 22ste Aand van die Sterre, met die tema *Silver Lining*. Soos in vorige jare was dit weer 'n groot sukses. Die gaskunstenaar Jennifer Zamudio, die spreker Grant Lottering, die seremoniemeester Pieter Moller, en die personeel het hul rolle uitstekend vervul.

Kospakkies

Gedurende 2025 is 91 minderbevoorregte gesinne elk met 'n kospakkie ter waarde van R1 000 ondersteun. Baie dankie aan TOIBO vir hul bydraes van verskeie skenkings deur die jaar, wat 'n werklike verskil in hierdie gesinne se lewens gemaak het.



Kospakkies



Mev Marinel Read



Meet Milly!

Meet Milly!

Milly is our emotional-support dog. Her job description is to spread love, and she does a great job! Yes, she has a mom and a dad. When she is not "working", she lives with Mr Richard and Miss Sonja. Mia Janse van Rensburg (Grade 12) is Milly's best friend during school hours.

Ons groet ons maatskaplike werkster, mev Marinel Read

Met sagtheid, wysheid en deursettingsvermoë het Marinel Read 'n groot verskil in die lewens van ons leerders en personeel gemaak. Ná byna 15 jaar van toegewyde diens groet ons haar met dankbaarheid en waardering.

Ons sal haar teenwoordigheid, entoesiasme en liefde vir die kinders besonder baie mis, maar ons wens haar net die mooiste en beste toe vir die toekoms.

PERSENEELPRESTASIES

Graad 12-personeel

Die matriekonderwysers van 2025 (mnr Pieter von Solms, juffrou Ria Venter, juffrou Janika Barker, juffrou Marieze Venter en juffrou Sonja Stewart) vir RTT/CAT, Wiskundige Geletterdheid en Toerisme, is genooi na die *Well Done*-funksie vir hul uitstekende prestasies.



Ad Lucem Sports

Ms Ernesta Strydom won the trophy for the best technical official at the SA Sports Awards that was held at Sun City on 23 August 2025.



Piekelbal

Van ons personeel, mnr Francois van Heerden, juffrou Ria Venter en juffrou Natasha Slabbert, het deelgeneem aan die Ultimate Pickleball Social League in Bloemfontein en was die wenners van die liga.

Koshuis

The hostel has its own chef – Miss Heleen van Niekerk graduated as a Chef from the Food and Beverage (FBI) Institute.

The school and hostel staff are very proud of her.

SPORTS PERIOD

This year saw the implementation of extramural periods during the school day, which enables all learners to participate. On Mondays and Wednesdays, the primary school learners have their sports period, while the high school learners have an extra academic period. On Tuesdays and Thursdays, the high school learners have their sports period, while the primary school learners have their extra academic periods. We are also introducing new extramural activities in the form of walking, public speaking and pickle ball.



Miss Heleen van Niekerk

Franco Opperman



PRESTASIES

Atlete

Franco Opperman, Rubin du Toit, Calista du Toit en Joané de Bruyn is genooi na die jaarlikse *Well Done*-funksie waar topatlete vereer is vir hul goue medaljes tydens die SA Nasionale Atletiekkampioenskappe.

Tydens die Wildeklawer Grey-Oranje-byeenkoms het Franco Opperman 'n eerste plek in hoogspring behaal met 'n hoogte van 1,9 m, sy beste prestasie tot dusver. By die JF-JP Botha Atletiekbyeenkoms het Franco 'n tweede plek in hoogspring behaal, Calista du Toit 'n eerste plek in hoogspring, en Lleerinne van Rooyen 'n tweede plek in 800 m.

By die SA Landloop het Lleerinne van Rooyen 'n eerste plek in die 4 km-item behaal.



Franco Opperman, Lleerinne van Rooyen and Calista du Toit

When your legs get tired, run with your heart

Joané de Bruyn, 'n uitstekende middel- en langafstandatleet, het gekwalifiseer vir die ASA o/12, o/18, o/20 & o/23 *Track & Field* kampioenskappe in Groenpunt, Kaapstad op 27 Maart 2025. Watter besondere voorreg en eer om 'n uitmuntende prestasie te kon lewer vir 'n algehele vierde plek in die Vroue o/23 5000 m. Joané het ook deelgeneem aan die ASA (Atletiek Suid-Afrika) Senior Kampioenskappe in Potchefstroom waar sy 11de was in die Senior Vroue se 5 000 m. Joané en haar aflosspan het ook 'n brons medalje verower in die gemengde aflos 4 x 400 m. Sy is ook ingesluit in die Vrystaatspan vir die ASA Halfmaraton Suid-Afrikaanse Kampioenskappe op 26 Julie 2025 in Phalaborwa. Joané, jy maak ons só trots. *Keep running!*

Rugby & krieket

Jandré Opperman (graad 12) het vir Hoërskool Jim Fouché se eerste rugbyspan gespeel en Martie du Plessis by verskeie toernooie verteenwoordig. Hy is gekies vir die o/19 Arende-span en vir die VKB Rugbyweek se toerspan na Engeland en Wallis.



Joané de Bruyn



Transoranje

Skool vir Dowes



HOOF SE BOODSKAP

I HAVE A DREAM...

Eleanor Roosevelt het gesê: *The future belongs to those who believe in the beauty of their dreams.* Ware woorde, maar glad nie maklik om uit te leef vir 'n Dowe leerder nie. Met al die uitdagings wat Dowes beleef, nie net op akademiese vlak nie maar ook sosiaal, verloor hulle maklik die vermoë om te droom.

It is therefore important that we, as teachers and parents, work together to create an environment filled with hope and dreams for the future for our learners.

